higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOMMUNIKASIE N4

24 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1 Nee
1.1.2 Sy is 15 minute laat/Sy is laat
(2 × 1) (2)

1.2 1.2.1 Ja
1.2.2 Sy is netjies geklee en lyk professioneel
(2 × 1) (2)

1.3 Sy sit-lê in haar stoel/sit nie regop nie (1)

1.4 Leidende vraag (2)

1.5 1.5.1 'n Vraag wat van die persoon met wie die onderhoud gevoer word, vereis om inligting te gee (Enige toepaslike voorbeeld)

1.5.2 Hierdie vraag vereis slegs 'n ja/nee-antwoord (Enige toepaslike voorbeeld)

1.5.3 Hierdie vraag vra oor 'n hipotetiese situasie om die onderhoudvoerder insig te gee in die manier waarop 'n kandidaat dink Enige toepaslike voorbeeld)
(3 × 2) (6)

1.6
- Hoe sou u die verantwoordelikhede van die pos beskryf?
- Word oortyd verwag?
- Wat is die vooruitsigte vir groei en vooruitgang?
- Hoeveel mense werk in hierdie afdeling?
- Is daar enige ander vrae wat ek vir u kan beantwoord?

(Enige TWEE van bogenoemde of enige ander toepaslike antwoord) (2 × 1) (2)
[15]

VRAAG 2

2.1
- Geskrewe kommunikasie.

Dit verskaf 'n skriftelike rekord wat deurlopend geraadpleeg kan word as enige navrae ontstaan oor wat gekommunikeer is. (2)

2.2
- Doeltreffende kommunikasie help 'n organisasie om behoorlik te funksioneer
- Mense in die werkplek moet heeltyd kommunikeer
- Kommunikasie is hoe jy jouself en idees aan ander uitdruk
- Kommunikasie help met die besluitnemingsproses
- Doeltreffende kommunikasie help om duidelikheid te verbeter ten opsigte van instruksies, probleemoplossing, ens.
- Dit word gebruik om gesonde verhoudings in die werkplek te vorm en in stand te hou

(Enige VIER van bogenoemde) (4 × 1) (4)

Kopiereg voorbehou

2.3
- Voorkom misverstande
- Bevorder interpersoonlike verhoudings
- Verbeter doeltreffendheid
- Verskaf 'n manier om kennis te bekom
- Sorg vir goeie verhoudings met jou kliënte

(Enige VIER van die bogenoemde) (4 × 1) (4)
[10]

VRAAG 3

3.1 D
3.2 A
3.3 E
3.4 C
3.5 B

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 4

4.1 FOTO'S✓ – Om foto's van die nuwe 'Econo-Box' op 'n skyfie of projektor gedurende die aanbiedings te wys✓✓

4.2 VLOEIDIAGRAMME:✓ Om die stadiums van produksie van die 'Econo-Box' te wys, sal dit verskillende stadiums duidelik wys.✓✓

4.3 DIAGRAMME:✓ Om die etikette met die name van die verskillende dele van die posbus te wys✓✓

4.4 MONSTERS:✓ Om die werklike 'Econo-Box' aan die direksie te wys in reghoekige en sirkelvormige weergawes✓✓

4.5 ENIGE ANDER REDELIKE ANTWOORD:✓ Aanvaar enige antwoord wat met die onderwerp verband hou.✓✓

(5 × 3) **[15]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

X ECO-SAVE

X NOTULE VAN DIE MAANDELIKSE VERGADERING GEHOU IN DIE RAADSAAL✓ OP DINSDAG✓ 4 OKTOBER 2022 ✓OM 12:15.✓

X1. OPENING EN VERWELKOMING
Die voorsitter✓, (naam), het die vergadering geopen en almal verwelkom.✓

X2. BYWONINGREGISTER
Alle lede was teenwoordig✓

X3. VERSKONINGS
Geen✓

X4. NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING
Daar was 1 fout op die notule en dit is reggestel:✓
X 4.1 die lokaal was die konferensiekamer en nie die personeelkamer nie✓
Die notule is as gelees beskou, goedgekeur en onderteken✓
Voorsteller: (enige naam) Sekondant: (enige naam)

X 5. PUNTE UIT DIE NOTULE

X 5.1 Grootmaat- herwonne materiaal:✓ (naam)
Die verskaffer het bevestig dat die bestelling vir die grootmaat-✓ herwonne materiaal✓ teen Vrydag 7 Oktober 2022 ontvang sal word✓
.
X 5.2 Nuwe uniforms:✓ (naam)
Die bestelling vir nuwe uniforms✓ is op 27 September 2022 geplaas✓ by Jonsson Workwear.✓

X6. NUWE SAKE
X 6.1 ECONO BOX-POSBUS✓
Ons het 'n kontrak van Goldstone-kompleks ontvang✓ om 75 eenhede✓ met die grys✓ sirkelvormige ontwerp✓ te installeer

X 6.2 DATUMS✓
Die aanvangsdatum vir die kontrak is Maandag 28 November✓ en dit moet teen Maandag 19 Desember 2022 voltooi wees✓

X7. ALGEMEEN
Niks is bespreek nie✓

X8. DATUM VAN DIE VOLGENDE VERGADERING
Die volgende vergadering sal op 14 November 2022 plaasvind.✓

X9. SLOT
Die vergadering het om 14:30 geëindig✓

Kopiereg voorbehou Blaai asseblief om

X GOEDGEKEUR:_____

X VOORSITTER: _____

X SEKRETARIS:_____

X DATUM: _____ **[40]**

INHOUD: 30	**TAAL: 5**	**FORMAAT 5**	**TOTAAL: 40**
Ken 1 punt toe soos aangedui met 'n regmerkie✓	- -½ per fout	Dui aan met 'n **X** -1 per fout of weglating	

VRAAG 6

XTELEFOONBOODSKAP

XAAN: Jou naam (enige)
XVAN: Mnr. Gabriel
XMAATSKAPPY: Goldstone-kompleks
XDATUM: 21 November 2022
XTEL: 021-8974651
XTYD: 11:15

XBOODSKAP:

- Mnr. Gabriel het gesê dat/gebel om te verduidelik
- dat met u aankoms op Maandag 28 November✓
- u in die aangewese kontrakteursparkeerplek in die kompleks moet parkeer.✓
- Die instandhoudingsman, Timothy,✓ sal u help met toegang tot elke eenheid aangesien dit privaat eiendom is.✓
- Hy het versoek dat die geraas tot die minimum beperk word aangesien baie inwoners tans van die huis af werk.✓
- Hy het gesê 'n toegangskyf sal aan u uitgereik word om toegang tot die kompleks vir die duur van die projek toe te laat.✓
- As daar enige navrae is vra hy dat u hom kontak by 021-8974651.✓

X GENEEM DEUR: Nosipho

INHOUD: 7	**TAAL: 4**	**FORMAAT 4**	**TOTAAL: 15**
Ken punte toe soos aangedui met 'n regmerkie✓	- ½ per fout	Dui aan met 'n **X** -1 punt per fout of weglating	

[15]

VRAAG 7

X GOLDSTONE-KOMPLEKS

X TEL:021-8974651
X FAKS: ENIGE

X ADRES
X NUWELAND
X ENIGE KODE

X DATUM: 22 NOVEMBER 2022 (LINKS OF REGS)

X BESTE Inwoners

X ECONO-BOX-POSBUSSE

INLEIDING: 3 PUNTE
- wees asseblief bewus✓
- dat ECO-SAVE sal kom✓
- om die nuwe posbusse in ons kompleks te installeer.✓

LIGGAAM: 11 PUNTE
- inwoners, laat weet my asseblief✓
- watter tyd van die dag u sal pas ✓
- vir die installering by u eenheid✓
- aangesien baie van julle van die huis af werk✓
- ECO-SAVE wil graag 'n installeringsrooster opstel ✓
- met eenheidnommers en toegekende tye✓
- nadat ek terugvoer van u ontvang het. ✓
- dit is om u te probeer bystaan✓
- deur waar moontlik binne u gekose tye te werk.✓
- die maatskappy sal van 07:00 tot 16:00 daagliks✓
- op die ooreengekome datums op die terrein wees.✓

SLOT: 1 PUNT
- enige welwillendheid aanvaar✓

X Vriendelike groete

X HANDTEKENING

X MNR. GABRIEL
X VOORSITTER

INHOUD: 15	**TAAL: 5**	**FORMAAT 5**	**TOTAAL: 25**
Ken punte toe soos aangedui met 'n regmerkie✓	- ½ per fout	Dui aan met 'n **X** -1 punt per fout of weglating	

[25]

VRAAG 8

XECO-SAVE
XINTERNE MEMORANDUM

XAAN: Personeel **XDATUM:** 24 November 2022
XVAN: ENIGE naam **XTEL:** enige uitbreiding bv:x101
XONDERWERP: KOMENDE WERK (enige redelike onderwerp)

INLEIDING: 1 PUNT
- Ek moet 'n paar belangrike besonderhede oor die komende werk noem.✓

LIGGAAM: 8 PUNTE
- Jy moet daagliks teen 06:30 vir diens aanmeld✓
- daar is 'n skedule met eenheidnommers wat daagliks gevolg moet word.✓
- die skedule sal verduidelik watter eenhede om te hanteer volgens hulle tydvoorkeure.✓
- geraas moet tot die minimum beperk word✓
- die nuwe uniforms wat bestel is, het opgedaag en moet afgehaal word.✓
- Hulle moet te alle tye met naamplaatjies gedra word.✓
- As jy iets nodig het terwyl jy op die terrein is, kontak Timothy,✓ die instandhoudingsman.✓

SLOT: 1 PUNT
- Dankie by voorbaat aan almal (enige welwillendheid)✓

X Teken/voorletters

INHOUD: 10	**TAAL: 5**	**FORMAAT 5**	**TOTAAL: 20**
Ken punte toe soos aangedui met 'n regmerkie✓	- ½ per fout	Dui aan met ’n **X** -1 punt per fout of weglating	

[20]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou